LIDMAATSKAP VAN 'N GEMEENTE ... LEWENSGEVAARLIK?!

Martin Heyns

Hierdie is 'n poging om lidmate te help besef watter sleutelrol hul lidmaatskap van 'n gemeente regtig speel. Die onderskrif van die tema is daarom nie 'n truuk om aandag te trek nie. Die Evangelie, die enigste hoop vir alles en almal, is met lidmaatskap van die gemeente in die gedrang.

Wat beteken dit?

Dit beteken dat lidmaatskap van die gemeente, om mee te begin, nie vanselfsprekend 'n goeie ding is nie. Almal se siening van lidmaatskap word beïnvloed deur nie-evangeliese invloede wat onbewustelik op ons harte inwerk. Noodwendig laat hierdie invloede ons dienooreenkomstig handel. Lidmaatskap kan die Evangelie dus, teen ons goeie bedoeling, verduister.

Op watter manier word lidmaatskap dalk negatief gekleur?

Vir byna elke christen is die Evangelie van Jesus Christus en die gemeente (godsdienstige dinge) min of meer dieselfde ding. Wie die woord 'Evangelie' hoor, sien en beleef, byna vanselfsprekend, die gemeente, die sigbare kerk as organisasie. Van groter belang, in die hart van die deursnee lidmaat, word die Evangelie, só gesien, onbewustelik met 'n terrein, naas alle ander lewensterreine geassosieer. Die Evangelie word 'n plekbegrip en dié plek is die gemeente, waar ons lidmate is. Dié 'Evangelie-plek' het dan veral te make met ons godsdiens, dws met kerkrade, kerklike ampte, eredienste, 'n menigte gemeente werksaamhede, aanbiddingsplekke en so meer.

Hierdie siening van die verhouding gemeente en Evangelie het egter diep filosofiese wortels. Dit is nie toevallig/onskuldig dat mense dit so sien nie. Dit groei uit 'n oer oue misvatting, dat die werklikheid waarin ons leef dualisties in spanning is. Dit is die spanning tussen 'n goeie en slegte terrein; 'n geestelike en vleeslike kant van die lewe; 'n bonatuurlike en natuurlike uitkyk op dinge; natuur en genade. Die kern: Dit laat ons onnadenkend glo dat goed en kwaad terreine van die lewe is. Dit is terreine wat ook teenoor mekaar staan (uit die Persiese tydvak; Meders en Perse se twee weermagte in een ryk—een goed en een sleg); bonatuurlike goeie en ondermaanse slegte verdeling (Plato en neoplatonisme); natuur (wêreld) en genade (God en Evangelie) terreine (christelike geloof wat onkrities die filosofie van die dag opgeslurp het). Hierdie lewensbenadering is diep in ons ingeoefen en ondermyn ons insig daarin dat goed en kwaad eerder rigtings is wat die een en ongedeelde werklikheid, waarin ons almal woon, God-gerig of –afvallig, weg van Hom stuur. Dit alles is egter 'n debat op sigself wat nie hier verder aandag behoort te kry nie.

Gevolge

Hierdie kyk op die lewe, op die oog af heeltemal

onskuldig, kleur ons visie op die verhouding samelewing en Evangelie op 'n baie spesifieke manier. Alle ander samelewingsvorme (institute/organisasies van watter aard ook al) naas die gemeente- terrein, is hiervolgens noodwendig, nie net teenoor die kerk/godsdiens/gemeente terrein afgegrens nie, maar dit laat alle ander dinge/sake in die samelewing onbedoeld ook teenoor die Evangelie self te staan kom. Die Evangelie en die gemeente-terrein is mos uit die staanspoor dieselfde gedink.

Dit impliseer noodwendig dat die nie-kerklike aspekte/sake nie per se "evangelies" gedink word nie. In terme hiervan word haas ondenkbaar om die ekonomie, die skool, die bankwese, staatsdepartemente, die regsbedryf, die ontspanningsklub, die kuns-ateljee en so meer, as dieselfde 'evangeliese plekke' naas die gemeente te beleef en te bedink. Op hierdie manier word die invloedryke teenwoordigheid van God op alle lewensvlakke, juis ook op die nie-kerklike terreine van God se koninkryk, gemis en braak laat lê vir die vernietigende invloed van die 'wêreld'.

Praktiese inpak op ons lidmaatskap in die gemeente

As die plaaslike gemeente en die Evangelie van die koninkryk van God onkrities met mekaar vereenselwig word, en lidmate die Evangelie regtig ernstig neem, ontwikkel daar 'n siekte wat beide kerk en samelewing negatief ondermyn.

Eerstens word die agenda van lidmate totaal oorbelaai. Meestal in hulle sogenaamde vryetyd moet hulle, georganiseer deur verskillende taakgroepe die velerlei take van 'n Christen in die wêreld toegewyd aanpak. Hoe groter die kritiese massa van die makro gemeente, hoe meer indrukwekkend kan die werkprogram van die gemeente met sogenaamde koninkrykswerke vertoon. Die kerk word 'n 'mall' met allerlei dienste wat skrik vir niks. Intussen ontwikkel 'n vreemde skisofrenie: Hoe meer geestelik lidmate word, hoe groter word die spanning tussen kerkwerk en die sogenaamde daaglikse lewe. Ons noem dit, gelowiges in Plato, die sekulêre lewe.

Die dilemma verdiep. Omdat die kerk, wat die Evangelie op haar terrein gekaap het, nooit 'n ekspert op alle koninkryksterreine in die samelewing kan droom om te wees nie, veroppervlakkig die uitsprake en sogenaamde leiding wat kerkmense, met die beste bedoelinge, oor die sogenaamde sekulêre dinge probeer gee. Dit lei tot frustrasie vir albei. Meer nog, intussen verstik God se koninkrykswerke op alle niekerklike vlakke, vervreem van die Evangelie, in 'n erg ontkerstende ekonomie, hedonistiese kuns- en vermaak-wêreld; sensasiebeluste media koninkryk, aan die vlaag van ontkerstening wat onder ons kerklike oë oral aan die gang is.

Aan die anderkant begin die kerk, met soveel sake op die agenda, haar basiese roeping mis. Dominee en die lidmate, het in hierdie raamwerk, skaars tyd vir hul eintlike roeping: Om biddend en pastoraal deurdrenk te raak, met die lewende Woord van God. Die digtersoog sien hierdie kerk in Ps 1: Dag en nag oor die Tora-woord; so passievol soos 'n leeu oor sy prooi. In plaas daarvan dat kerkmense 'eksperte' in gebed en die Woord word, swig hulle bloedarm en bleek voor die aanslag van 'n bose samelewing wat ons self help skep het.

Dis nie al nie. Omdat die kerk/gemeente, skynbaar diep binne, aan 'n onverwerkte skuldgevoel oor die versaking van ons eintlike roeping (gebed, Woord en Sakramente) ly, vertrou dieselfde gemeente/kerk nie regtig sy swak toegeruste lidmate om in die wêreld vir God missionêr diensbaar te gaan wees nie. Vandaar dat kerk en teologie ten diepste (in magsbeheptheid dalk?) glo dat hulle die eintlike draers van die waarheid is. Kennis wat kerk en teologie byvoorbeeld oor die ekonomie het, sal in terme hiervan, darem net so 'n bietjie meer evangeliese gewig dra as die christen sakebestuurder op sy of haar eie terrein.

Droom

Ek droom van 'n samelewing ongedeeld op God gerig; gemotiveer deur die een Evangelie, waarin die plaaslike gemeente net een van die baie kante van die koninkryk is; Dominees, lidmate, kerkverbande, sinodale strukture, wat nie meer programme probeer uitdink om indrukwekkend in die moderne samelewing te probeer vertoon nie. Ek droom oor 'n plaaslike gemeente wat lidmate regtig rondom Woord en Sakramente sal help deurdrenk raak met die Lewende Evangelie uit die skriftekste, onder leiding van die Gees. Ek droom dat hierdie lidmate nie net woorddeurdrenkte lidmate van die gemeente sal wees nie, maar woorddeurdrenkte ouers, ekonome, onderwysers, dosente, klerke, bestuurders, sosiale werkers, kunstenaars, media waghonde en nog veel meer, nie vanuit die kerk nie, maar in die opstandingskrag van die Evangelie self.